Smoothies Menthol

Die weer klim in agte my rug
met koue voete en maak
'n warm kooi ongemaklik
Ek droem ek's wee honge en kwaad
Ek staan op, is *Days of our Lives*-tyd

Stap yt, gan sit en roek 'n entjie
Die son skyn maarie wind wai
Die lug is half toegetrek
soese chain-smoker se bôs
Die weer voel hoe als proe
na jy 'n Smoothies Menthol-lekke ge-iet et

Die weer lat my soe baie dink an Mitchells Plain
dat ek iets wil briek voo ek in trane ytbas
Gan in, daa koek rys oppie stove
Hal ie deksel af voorit kan ookoek
Lat allie steam wee afsak na onne toe
Trek ie godyne toe
Gan lê wee

Oolog_pp_final.indd 35 2019/12/11 1:40 PM